

SARS VERWELKOM UITSPRAAK INSAKE MNR LUCKY MONTANA

Tshwane, 17 Oktober 2025 — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die gunstige uitspraak wat op 17 Oktober 2025 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng, (saaknr. 2023-047735) gelewer is. Hierdie beslissing volg op 'n aansoek wat deur SARS gebring is vir die sekwestrasie van mnr. Tshepo Lucky Montana.

Mnr. Montana het op 5 Junie 2024 'n kennisgewing van mosie en 'n beëdigde verklaring ingedien waarin hy om kondonasie aansoek gedoen het vir die laat indiening van sy antwoordende beëdigde verklaring in die sekwestrasieproses. Vervolgens het SARS op 14 Augustus 2024 'n aansoek ingevolge reël 6(5) van die uniforme hofreëls gebring om dele van mnr. Montana se beëdigde verklaring te laat skrap op grond daarvan dat dit skandelige, uittartende en ontoepaslike bewerings bevat het.

Die hof het op 21 Julie 2025 SARS se aansoek om skrapping toegestaan en mnr. Montana se kondonasie-aansoek met koste van die hand gewys. Mnr. Montana het daarna 'n aansoek om verlof tot appèl teen dié uitspraak ingedien. Die saak is op 17 Oktober 2025 aangehoor, en die aansoek om verlof tot appèl is met koste van die hand gewys.

Een van SARS se strategiese doelwitte is om 'n kultuur van vrywillige nakoming te bevorder. Om dit te behaal, bied die organisasie helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges oor hul wetlike verpligtinge en maak dit maklik en doeltreffend om die wet na te kom deur moderne, ondersteunende digitale platforms. Wederkerig verseker SARS dat nie-nakoming moeilik en duur is vir dié wat doelbewus hul belastingverantwoordelikhede verontagsaam.

Met verwysing na die saak het die kommissaris van SARS, Edward Kieswetter, gesê:

“SARS reken dat die oorgrote meerderheid van belastingpligtiges eerlik is en die regte ding wil doen deur aan hul registrasie-, indienings- en betalingsverpligtinge te voldoen. Ingevolge SARS se mandaat om alle inkomste wat aan die fiskus verskuldig is in te vorder sal ons alles binne die wet doen om hierdie opdrag uit te voer. SARS sal terselfdertyd altyd die reg van belastingpligtiges eerbiedig, om hul grondwetlik-gewaarborgde regte te verken en uit te oefen ten opsigte van howe te nader vir enige regsmiddel wat hulle verkies. SARS glo dat alle Suid-Afrikaners gelyk voor die reg is, en die organisasie is deur die wet verplig om sy bepalings sonder aansiens des persoon toe te pas.”

SARS sal geen verdere kommentaar oor hierdie saak lewer nie.

Vir verdere navrae, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE